VOLUME 13
JUNIE 2021

# NUUSBRIEF

## IN HIERDIE UITGAWE:

Skrywersprofiel: Henriëtte v Wyk

Sjordè!

Werkbank

Woestynpsalm

En vele meer…!



# INHOUDSOPGAWE


Welkom .......... 3

Meer oor Netwerk .......... 3

Vriende van Netwerk .......... 4

Werkbank .......... 5

Sakegids .......... 6

Sjordè! .......... 7

Profiel: Henriëtte van Wyk .......... 8

Woestynpsalm .......... 9

Geestelike boodskap .......... 11

ATKB / Duine-Oord .......... 12

ATKV .......... 13

Junior Jukskei .......... 14

FAK Internasionale Afrikaans-Ekspo .......... 15

Voortrekkers .......... 16

Die Namib Skryf .......... 17

Idioom .......... 18

Taalwenk .......... 18

Boeke .......... 19

Resep .......... 20


Kalender .......... 20

# WELKOM

Sommige mense is mal oor winter – die warm opkrul onder ’n snoesige kombers, lepellê, kaggelvure, glühwein, sop, en vele meer. En dan is daar ander wat die koue maande om wens en nie kan wag vir lente om sy eerste sonnige strale te strooi nie... Wat ook al jou keuse, ons hoop dat hierdie nuusbrief die koue verdryf en jou hart laat warm klop vir Afrikaans!

’n Reusedankie aan Susan Alexander wat help met die taalkundige versorging van ons nuusbriewe.

Deel asseblief hierdie nuusbrief met ander Afrikaanssprekendes om Afrikaans ’n luider stem te gee in Namibië.



# MEER OOR NETWERK

AARD EN GRONDSLAG
Netwerk is ‘n onafhanklike, nie-politiese, vrywillige, Christelike Afrikaanse organisasie. Die grondslag van die organisasie is die Bybel as die Woord van God en dus rigtinggewend vir die hele lewe.

DOELSTELLINGS
Om verskillende organisasies, instansies en individue, wat hulle beywer vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur, met mekaar te laat “netwerk”.

Besoek ons webblad vir meer inligting, www.netwerk-na.org

# VRIENDE VAN NETWERK




Ons bied professionele dienste in dorps- en streeksbeplanning, omgewingsbestuur en groen geboue, asook advies en produkte in die water- en afvalwaterbehandelingsbedryf.

SEENA
LEGAL CONSULT (PTY)LTD
ASSISTING THE BUSINESS OWNER

Sedert Maart 2008 het SEENA meer as 4,000 Namibiese ondernemings met hul arbeidsbehoeftes gehelp, met onder meer dienskontrakte tot stakings, dissiplinêre navrae, vakbondonderhandelinge en regstellende aksie.

Channel Kanaal 7

'n Gemeenskapsradiostasie wat bestuur en bedryf word op Christenbeginsels volgens die Bybel. Kanaal 7 saai op 33 FM senders landswyd uit en bereik meer as 43 dorpe.

**Raak 'n VRIEND VAN NETWERK en ons plaas jou besigheidsembleem hier!**

# WERKBANK




Die huidige stand van die ekonomie het Netwerk genoop om ’n Afrikaanse werksoekportaal, Werkbank, vir Namibiërs te stig.

Die portaal is daarop gerig om werkgewers en werksoekers bymekaar te bring deur middel van die Netwerk webblad, www.netwerk-na.org, in Afrikaans. Werkgewers registreer eenmalig en kan daarna vakatures op die Werkbank adverteer. Advertensies kan in Engels gestuur word, maar alle korrespondensie word in Afrikaans gevoer. Skakels na die vakante poste sal gereeld gedeel word op Netwerk se Facebook-blad. CV’s kan ook ingedien word en besonderhede sal op die webblad geplaas word, sonder die persoonlike besonderhede, om individue se inligting en privaatheid te beskerm.

Kontak admin@netwerk-na.org vir enige navrae.

# SAKEGIDS




Die Netwerk Sakegids bied 'n platform vir besighede wat diens lewer in Afrikaans, om 'n unieke teikenmark te bereik.

Adverteer jou besigheid in die Sakegids teen slegs N$150. Plasings word gedoen op die webblad, www.netwerk-na.org, asook op Netwerk se sosiale media platforms.

# SJORDè!

Gedurende die tagtigerjare het prof. Aldo Behrens en dr. Chrisna Beuke-Muir huiskonserte in Windhoek aangebied met die naam "Sjordè" (gooi drankie – "sjor", neem en drink, "dè"). Netwerk het, in samewerking met die Windhoek Woordfees, laat verlede jaar weer begin om hierdie gewilde beweging te laat herleef.

Die Windhoek Woordfees het vanweë die inperkingsmaatreëls besluit om kleiner, meer gereelde produksies aan te bied, totdat groter vertonings weer toegelaat word. Netwerk werk saam met die Windhoek Woordfees, veral met die bemarking van hierdie geleenthede. Elizma Theron, uitvoerende beampte van Netwerk, is van mening dat hierdie byeenkomste gulde geleenthede is om blootstelling te bied aan plaaslike talent. "Daar bestaan 'n definitiewe behoefte aan kultuurvertonings van goeie gehalte in Namibië en hier is beslis geen tekort aan talent nie."

Dit is met groot dankbaarheid teenoor die borge van die Windhoek Woordfees, FNB Namibia en Checkers, dat hierdie byeenkomste op 'n gereelde basis kan plaasvind. Meer produksies word beplan vir die res van die jaar. Hou gerus die Facebook-blad van Netwerk Namibië dop om nie uit te mis op enige van hierdie funksies nie.



***Sjordè van 27 Mei 2021:***

*V.l.n.r.: Trudie Crous (Midlife), Dr. Chrisna Beuke-Muir (Windhoek Woordfees), Elsabe Horn (Fresh Namibia), Philippus Tromp (Netwerk), Cobus de Waal (Midlife), Felicity Philander (FirstRand Foundation Namibia), Pieter Genis (Midlife) en Petronella Genis (Unam/Sjordè).*





***Sjordè van 25 Maart 2021:***

*V.l.n.r.: Henri Roux, Rias Oberholzer, Sanet Lambrechts*

# PROFIEL: HENRIëTTE VAN WYK

Henriëtte van Wyk is 'n gebore en getoë Namibiër.

Mense, musiek, Afrikaans en haikoes is haar passie.

In haar 33-lange loopbaan van onderwyser het sy al enige vak onderrig (gr. 1 tot gr. 12) – net nie houtwerk nie! Daarvoor asook vir haar digkuns ontvang sy sedert 2007 verskeie ATKV-toekennings.

Die kreatiwiteit van kinders voed haar siel. "Ek beskou dit as 'n voorreg om die skrywer, redenaar of akteur te help ontsluit."

Henriëtte is die stigter (2007) van die Nasionale Waltons-Griffel Skryfkompetisie vir skole. Sy is steeds betrokke as beoordelaar in Digkuns.

Sy gee in 2016 'n digbundel, *Padhaikoes uit Namibië*, uit. Van haar gedigte is in 2018 en 2019 in Stemme uit Namibië 1 & 2 opgeneem. In die 2019 Windhoek Woord-fees Skryfkompetisie deel sy die tweede plek in Digkuns en is van haar nuwer gedigte in *Land onder woorde*, opgeneem. *Land onder woorde* is saamgestel deur dr. Chrisna Beuke-Muir, deur Cordis Trust uitgegee en het verlede jaar die "Orde van die Beiteltjie"-toekenning ontvang. Die skryfsels van die Windhoek Woordfees Skryfkompetisie 2019 deelnemers verskyn daarin.

Einde 2020 gee Van Wyk haar debuutbundel, *'n Bruin blaar tuimel* (Minimal Press) uit. Joanette van der Merwe skryf in Versindaba, 'n kollektiewe webblog vir die Afrikaanse digkuns, in haar resensie oor die bundel die onderstaande:

"Henriëtte van Wyk se debuutbundel is 'n kreatiewe verwerking van aftrede en 'n poging om tot verhaal te kom in 'n leefwêreld wat eensklaps klein geword het, maar terselfdertyd skielik té groot is in die wyse waarop die afgetredene haarself onsigbaar voel in die buitewêreld waar sy nie meer 'n rol speel nie."

"Die haikoes is my gunsteling deel van die bundel en dit is 'n bekragtiging van Van Wyk se sterkste punte as digter: 'n fyn oog vir die natuur en 'n ewe fyn aanvoeling vir taal op die vlak van woorde en klank.

*'n Bruin blaar tuimel* is 'n stewige debuut wat die digter se bemeestering van klank en struktuur vertoon," aldus Van der Merwe.

Van Wyk beskryf haarself as iemand wat lief is vir stilte: "Stilte gee my krag. Ek het beslis die gawe om na mense te kan luister. Ek het ook 'n wilde kant! Musiek kan my op tafels laat dans of die aktrise binne-in my laat uitkom."



# WOESTYNPSALM

Bosman Films, ‘n nuwelingmaatskappy in die Namibiese filmbedryf, is opgewonde om aan te kondig dat produksie vir hulle eerste film, Woestynpsalm, afgehandel is.

Bosman Films is in 2020 deur die 22-jarige Namibiese filmmaker, Ben van der Walt, gestig. Hy is ’n student aan die Kanbar Instituut vir Film en Televisie van New York Universiteit se vooraanstaande Tisch Skool vir Kunste. Van der Walt, wat ook die Skrywer en Regisseur van Woestynpsalm is, moes in Maart 2020 na Namibië terugkeer, net voordat die VSA se grense as gevolg van Covid-19 gesluit is. Hy sal waarskynlik eers in September 2021 of later na New York kan terugkeer om sy studies voort te sit. Maar Covid-19 kon nie sy passie vir fliekmaak aan bande lê nie. Tydens die inperking saam met sy gesin in Windhoek het hierdie voormalige hoofseun van Windhoek Afrikaanse Privaat-skool sy heel eerste vollengte-film begin konseptualiseer.





“Woestynpsalm bring hulde aan my gesin en ons mooi land, Namibië. Dit is losweg op ’n ware verhaal gebaseer en handel oor die fisiese en emosionele uitdagings daarvan om iets waarvoor jy lief is in ’n woestyn aan die lewe te probeer hou,” sê Van der Walt. Dit vertel die storie van Nadia, ‘n jong vroue-dominee wat onder toenemende druk van vriende en kollegas geplaas word om haar lewenspad as ‘n geloofsleier te heroorweeg en eerder ‘n meer tradisionele rol in die gemeenskap in te neem.

Na ‘n intensiewe befondsingsveldtog om die kostes van hierdie onafhanklike film te dek, het produksie vir Woestynpsalm uiteindelik op 26 April 2021 begin. Die filmspan het onder die kranige leiding van Van der Walt en twee van sy medestudente gestaan – kinematograaf Rex Sang (21) van die VSA en vervaardiger Anna Lee (20) uit Nederland. Die trio het in 2018 as eerstejaar-filmstudente in New York ontmoet.

Voor die kameras het ‘n plaaslike rolverdeling hulle toneelspeeltalente ten toon gestel. Die hoofkarakter, Nadia Bosman, is deur die Namibiese aktrise en skoonheidskompetisie-koningin Andeline Wieland (25) vertolk. Saam

# WOESTYNPSALM (volg)

met haar sal welbekende Namibiese gesigte soos Pieter Greeff en Benjamin Smith op die grootskerm pronk. Verfilming het hoofsaaklik in Windhoek, Solitaire, op die Spreetshoogte pas en langs vele skilderagtige Namibiese paaie plaasgevind.

"Produksie was nog meer uitputtend as wat ons ons voorgestel het," vertel vervaardiger Anna Lee. "Ons het ongelooflik baie materiaal gehad om op te neem en skrikwekkend min tyd om dit te doen. Tydens die eerste sewentien dae van produksie het ons kameras omtrent sonder ophou gerol."



Van der Walt brei uit: "Produksie was nie maklik nie, maar dit sou geheel en al onmoontlik gewees het sonder die ondersteuning van vriende en familie, die algemene publiek, die Namibiese media en ons ongelooflike fliekvennote: Netwerk Namibië, Gondwana Collection en die Nictus Groep. Julle steun het ons deurgesien – nie net finansieel nie, maar ook op 'n kreatiewe front."

Elizma Theron, uitvoerende beampte van Netwerk, beaam met dankbaarheid die samewerking van die publiek wat hul fondsinsamelingsveldtog ten bate van die film ondersteun het. "Dit is voorwaar 'n riem onder die hart om te sien hoe mense kan saamstaan vir 'n saak waarin almal glo, om met trots deel te wees van hierdie unieke Namibiese, Afrikaanse projek."

Lee beaam, "Ek is baie dankbaar vir die vriendelikheid van mense, hetsy vriend of vreemdeling, wat vir ons met die verloop van hierdie projek ondersteuning en hulp gebied het - deur as ekstras te dien, rekwisiete, kos en selfs hul huise as verfilmingsvenues aan te bied. Aanvanklik was ek nie met die Namibiese manier van doen vertroud nie, maar ek het vinnig agtergekom hoe onselfsugtig en aanmoedigend die mense hier is. Vir Woestynpsalm het dit die wêreld se verskil gemaak."

Produksie vir Woestynpsalm het op 29 Mei 2021 amptelik afgesluit. Kinematograaf Rex sê ten slotte: "Ons het 'n lang paadjie gestap sedert die begin van pre-produksie. Ten spyte van ons klein span dink ek ons het die meeste van ons doelwitte vir Woestynpsalm bereik. Nodeloos om te sê is ek ongelooflik trots op almal wat 'n deel hiervan was en baie opgewonde om met die volgende fase van die proses te begin: post-produksie, waar ons al die rou opgeneemde materiaal sorgvuldig aanmekaar sal stik om ons finale produk voort te bring."

Woestynpsalm se première en vrystelling is vir Oktober 2021 beplan. Presiese datums sal nog aangekondig word. Om op hoogte te bly van die nuutste verwikkelinge, volg Woestynpsalm op Instagram en Facebook.

# GEESTELIKE BOODSKAP

*U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed.*

PSALM 10:17 AFR83

**BID, JA DIE ALMAGTIGE HOOR**

Wat help gebed in tye van vrees en angs, met misdadigers wat al hoe meer waaghalsig en wreed raak? Ons leef agter slot en grendel, hoë mure en sekerheidsheinings, reaksiemagte om toe te slaan as die inbreker (soms selfs moordenaar) opdaag. Mense wil nie graag ná donker op straat wees, of saans tuiskom nie. En hierdie vrees is geregverdig, want daar is soveel voorbeelde van misdaad en geweldpleging. Die media basuin dit sensasioneel uit en versterk die vrees. Bejaardes, kinders, jong mans en dames is almal teikens wat soms op die wreedaardigste wyses aangeval, beroof en selfs vermoor word. Heelwat gelowiges bid vandag ook: "Waarom trek U U terug in tye van nood?" (Ps 10:1). Nie as 'n verwyt nie, maar as 'n noodroep tot God.

IS SO 'N GEBED SINVOL? Of is dit 'n geskreeu in die wind, sonder die hoop dat daar 'n God is wat hoor? Slegte omstandighede kan 'n mens maklik wanhopig maak, asof God nie bestaan nie. Of dat Hy nie omgee nie.

As jy só voel, of iemand ken wat vandag soos 'n weeskind voel of in ernstige nood verkeer, dan is Psalm 10 vir jou tot bemoediging. Dit beskryf die werklikheid van gewetenlose persone, wat net vir hulleself tyd het, hulle eie wetgewer is, teenoor hulleself enige onreg goedpraat, asof hulle aan niemand verantwoording hoef te doen nie. So is hulle: "Die goddeloses is vol van hulleself, hulle vervolg 'n hulpelose man." "Die goddelose verlustig hom nou al in wat hy hoop om in die hande te kry." "Hy verag die Here. Neus in die lug sê hy: "God vra tog geen rekenskap nie!" "Hy lê onskuldiges voor agter die heinings en vermoor hulle in die geheim." In sy nood, wat veroorsaak word deur die skynbaar "magtige" misdadiger en verdrukker van onskuldiges, weduwees, wese en armes, roep die psalmdigter die ALMAGTIGE aan. Hoe belangrik bly dit nie! Ken jou Here en God as die Almagtige!

GEBED TOT HOM IS NOOIT 'N WAAGSTUK OF SKOOT IN DIE DONKER NIE! Die belydenis van hierdie psalm, onder leiding van die Heilige Gees, bemoedig ons weer en gee vrymoedigheid om te bid om krag en uitkoms. "Die Here bly altyd koning, die vyande is uit sy land verdryf. U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed. U behartig die regsaak van die weeskind en van die mens in nood, sodat niemand op aarde langer in vrees hoef te lewe nie." (Ps 10:16–18)

Geloof en gebed neem vrees weg. Ons moet versigtig wees - ja! Daar is gevare, misdadigers, gewetenloses. Maar vrees – nee! By die Here is ons veilig. Nou en vir altyd. Hy sal op sy tyd ook die onreg op aarde tot 'n einde bring. Nou gee Hy krag om onder teëspoed blymoedig te wees, te getuig van sy nabyheid en staande te bly.

Bid sonder ophou, want Hy is die lewende Here. Hy is in Christus ons Vader, wat in liefde vir ons sorg – beter as vir die mossies en die lelies van die veld.

Deur: Dr. Callie Opperman

# ATKB

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) is 'n volle Namibiese Artikel 21 Maatskappy wat hom beywer om Afrikaans as taal en die Afrikaanse Kultuur binne Namibië te bevorder.

Enige persoon kan 'n lid word van die ATKB deur 'n eenvoudige lidmaatskapvorm te voltooi waarna dit aan die bestuur voorgelê word vir goedkeuring. Tans ondersoek die ATKB moontlikhede om finansieel betrokke te raak by Afrikaanse- en kultuurprojekte. Ons het 'n paar opwindende projekte in die vooruitsig gestel wat hopelik in die volgende jaar die lig sal sien.

Die ATKB besit ook 'n vakansie-oord te Swakopmund met 7 luukse vol-toegeruste vakansie-huisies wat aan lede en nie-lede verhuur word. Grotendeels word die inkomste wat uit die verhuring gemaak word gebruik om die oord in stand te hou en surplusfondse word dan gebruik om ons toekomstige projekte te finansier.

Die huisies bestaan uit twee slaapkamers, die een met 'n dubbelbed, en die ander kamer met twee enkelbeddens, twee badkamers, groot leefarea met binnebraai en DStv. Daar is 'n toesluitmotorhuis om jou motor veilig te parkeer.


Een van die voordele om wel lid te word van die ATKB is om juis teen 'n beter tarief by Duine-Oord te gaan bly. Die lid kry 'n aansienlike korting op die daaglikse tarief soos wat jaarliks op die Algemene Jaar-vergadering bepaal word.




Tans is daar 'n baie spesiale tarief vir Junie en Julie 2021 waar lede slegs N$400 en nie-lede N$700 per nag betaal. Ons beskik oor 'n spesiale tarief vir besighede wat gedurende die week Swakopmund besoek. Besighede wat belangstel kan ons in die verband kontak.

Napso lede kry ook 'n spesiale tarief. U moet slegs bewys kan lewer dat u wel 'n lid van Napso is om te kwalifiseer vir 'n beter tarief, wat beter en goedkoper is as die nie-lid. Die ATKB het 'n samewerkingsooreenkoms met Napso dat 'n gedeelte van die inkomste van Napso-lede aan Napso oorbetaal word om hulle inkomste daarmee aan te vul.

Indien u enige navrae het oor die ATKB kan u vir Henriëtte van der Merwe, die Oordbestuurder, skakel by 081 272 7590.



# ATKV




**Bank Windhoek ATKV Pluimpies:**

Nominasies vir toekennings is gedoen op grond van die volgende kriteria:

**Radiostasies wat in Afrikaans uitsaai:**

5 jaar, 10 jaar, 15 jaar, 20 jaar en langer en personeel wat 'n program aanbied vir dieselfde tydperke, soos rubrieke, produksies, reekse, weeklikse bydraes, onderhoude en programme. Omroepers moet die program self skep, versorg, afrond en aanbied.

**Skole:**

Afrikaanse skole wat 5 jaar, 10 jaar, 15 jaar, 20 jaar en ouer is asook 'n onderwyser of leerling wat 'n uitstaande prestasie behaal het in Afrikaans, asook in enige kultuur optrede, kan genomineer word.

**Koerante:**

Rubrieke wat ook oor dieselfde tydperke as hierbo in koerante verskyn of iemand wat met 'n spesiale toekenning vereer is anders as ATKV. Iemand wat 'n spesifieke rubriek gedoen het oor 'n besondere gebeurtenis.

Die Gala-aand is uitgestel tot verdere kennisgewing.



# JUNIOR JUKSKEI

Junior Jukskei het tydens 2019 baie goeie momentum opgetel wat opgebou het na die Coen Brand-toernooi waar nie minder nie as 26 spanne deelgeneem het in die hoër- en laerskoolafdelings.



*Goue medalje-wenners van die plaatafdeling*

Gedurende 2021 is hard gewerk om jukskei 'n amptelike sportkode te maak by Windhoek Afrikaanse Privaatskool. Die sport is oor 'n paar weke aan al die laerskoolleerlinge bekend gestel.



Om as jukskeispeler die geleentheid te kan hê om Namibië te verteenwoordig in Kroonstad tydens kampioenskappe, bly 'n voorreg en 'n groot eer. Dit geld sekerlik vir seniors en juniors. Om die opgewondenheid te beleef by die kinders/juniors wat Kroonstad toe gaan, maak die opoffering die moeite werd. Die belangrikheid van deelname word bevestig deur die stories van vriendskappe wat tydens hierdie jaarlikse kampioenskappe gesmee word.

Jukskei is 'n wonderlike sport wat deur baie mense onderskat word en deur sommige gesien word as 'n sport net vir ouer mense. Jukskei word deur baie kinders gespeel en dit gee die kind nie net die geleentheid om plaaslik deel te neem nie, maar ook internasionaal. Vir skole kan dit 'n sport wees wat meer kinders die geleentheid bied om nasionale kleure te verwerf.



Jukskei is die enigste Voortrekker-speletjie wat ontwikkel het tot 'n goed georganiseerde sport. Die sportkode kan beslis aanbeveel word vir u kind en u word uitgenooi om deel te raak van die sport. Tree gerus in verbinding met Christie Horn by 081 129 5515 vir enige navrae.

# FAK INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPO 2021

Dis weer tyd vir die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigінge (FAK) se jaarlikse Internasionale Afrikaans-Ekspo.

Die FAK se Internasionale Afrikaans-Ekspo is ’n opwindende skryf- en kreatiewe kunstekompetisie wat fokus op leerders en studente se kreatiewe hantering van Afrikaans. Tesame met die feit dat dit pret is om deel te neem, word leerders ook gehelp met hulle skryfproses deurdat hulle terugvoer kry van die beoordelaars.

Dit is vanjaar die vyfde jaar wat dié kompetisie aangebied word. Buiten vir ’n nuwe jaar, kan jy vanjaar groot geld vir jouself en vir jou skool wen. Die skool met die grootste deelname staan ’n kans om N$10 000 te wen en die junior en senior algehele wenners ontvang elkeen N$2000 en hulle skool ontvang ook N$2000!

Die Ekspo bestaan uit agt kategorieë, waaronder dagboekinskrywings, resensies, opstelle, kortverhale, poësie, voordrag, fotografie en kuns (skilderkuns en tekenkuns) waarin jy jou kreatiwiteit oftewel liefde vir boeke kan uitleef.

Stof dus jou kamera af, haal die verfkwaste uit en maak daardie potlode skerp om jou reis met boeke uit te beeld of vertel ons in ’n opstel, resensie of opstel hoekom boeke jou so na aan die hart lê.

Danie du Toit, voorsanger van Spoegwolf, beoordeel vanjaar die poësie-afdeling.

“Ek wil baie graag nuwe Afrikaanse gedigte lees. Skryf in!”

Inskrywings sluit 12 Julie 2021.

Wie kan deelneem?

Alle graad 1- tot 12-leerders en studente in Suid-Afrika en Namibië asook enige land ter wêreld waar Afrikaans as moedertaal of nie-moedertaal gebruik of bestudeer word kan gratis deelneem.

Gr. 1- tot 5-leerders kan deelneem aan skilderkuns, poësie en voordrag, terwyl alle ander leerders en studente aan al die kategorieë mag deelneem. Jy mag ook in een of meer kategorieë deelneem.


Hoe neem jy deel?

Skryf aanlyn in by ekspo.fak.org.za. Skilderye en kunswerke kan per hand by die FAK-kantoor by die Voortrekkermonument in Pretoria ingehandig word.

Kontak admin@netwerk-na.org vir enige verdere navrae.



# VOORTREKKERS




Die Voortrekkers is 90 jaar oud in 2021!

Vir meer nuus hieroor, volg ”Namibië Voortrekkers” op Facebook.





Dit is met groot leedwese dat ons moes afskeid neem van Henry McCarthy, wat baie nou betrokke was by die Voortrekkers, asook Netwerk. Ons innigste simpatie aan Elmine en die kinders.

# DIE NAMIB SKRYF

**Uit die boks - Niel Mostert**

jy't jouself ingehok
met 'n dun lyn
van rigiede denke
jou denkraamwerk beperk
en so jou kans verspeel
op 'n visie van die wysheid
wat oor kubuslyne strek
dalk moet jy jou spasie wyer rek
in jou tekening ongemerk
'n spasie oop bly hou
waardeur jy jouself uit die
stowwerige boks uitwerk
en so jou losmaak en bevry
van die tweespoorlyn
waarop jy nou nog
as blote passasier
bly ry

2021



Vir meer Namibiese gedigte, besoek "Die Namib Skryf" op Facebook, of hul webblad: www.namibskryf.com

# IDIOOM




# TAALWENK



# BOEKE





Danksy die Namibiese Wetenskaplike Vereniging, kon Netwerk op 3 Junie 2021 vir Dr. Erik Holm by die Erfenis Kultuursentrum verwelkom om oor sy nuwe boek, *"Die Ossewa en sy spore*" te gesels.

Dr. Holm toon in hierdie boek aan dat die ossewa 'n onmisbare en onmiskenbare betekenis vir die ganse ontwikkeling van Suider-Afrika gehad het: in die verkenning van die binneland, die migrasie van verskillende groepe setlaars gedurende die 18de tot diep in die 20ste eeu, die vervoer van swaar toerusting deur transportryers vanaf kushawens na die nuwe mynbougebiede in die Noord-Kaap en die ou Transvaal, as mobiele tenk en blokhuis gedurende die Anglo-Boereoorlog en, voor die algemene gebruik van motorvoertuie, as algemene vervoermiddel van mense en hulle bagasie. Daarby het die ossewa 'n groot invloed op die Afrikaanse taal en letterkunde gehad en duik dit selfs vandag nog op as onderwerp van populêre liedjies. Talle kunstenaars het die ossewa in hul werk uitgebeeld en as simbool het ossewaens op munte, seëls en die wapens van talle instansies en lande verskyn.

Tegniese aspekte van die bou en bedryf van die ossewa word in fyn besonderhede beskryf, en die geduldige trekos kry deernisvolle aandag. Hierdie formidabele publikasie is ryklik geïllustreer met tekeninge, kunswerke en foto's en bied 'n verrassende nuwe blik op die geskiedenis van Suid-Afrika vanuit 'n ongewone hoek aan.




Te koop by Netwerk @ N$700

- Formaat: 210 x 260 mm
- Hardeband met stofomslag
- Aantal bladsye 372

Besoek ook ons webblad (www.netwerk-na.org/Koop) om te sien watter ander boeke is beskikbaar by die Erfdeel Kultuursentrum.

# RESEP



BILTONGSOP

2 uie, gekap

100 g botter

2 knoffelhuisies, fyn gedruk

60 ml koekmeelblom

500 ml ligte hoenderaftreksel

250 ml warm volroommelk

125 g beesbiltong, fyn gekap

60 ml bloukaas, gekrummel

60 ml fetakaas, gekrummel

Sout en vars gemaalde swartpeper na smaak

Braai die uie in die botter tot sag. Voeg die knoffelhuisies by en braai tot geurig. Voeg die meel by en braai tot die mengsel borrel. Voeg die hoenderaftreksel by en verhit, terwyl geroer word, tot kookpunt. Voeg die warm melk by en verhit weer tot kookpunt. Laat prut tot dit gaar proe. Voeg die biltong by en verpulp tot glad. Verhit net voor opdiening weer tot kookpunt, roer die kaas deur, geur met sout en peper en sit dadelik voor.

*Bron: www.boerekos.com*

# KALENDER




- 28 Julie 2021: Bank Windhoek ATKV Idiomestryd
- Uitgestel: Bank Windhoek ATKV Pluimpies
- Uitgestel: Sjordè - Oop mikrofoon, en Lize Ehlers as gaskunstenaar

Vanweë die  huidige hoë Covid-19 infeksiekoers, is byeenkomste baie beperk. Hou egter Netwerk se Facebook-blad dop vir nuus.